GELOFTE SKOOL

LOFFIENUUS

Nuusbrief 01/2024

Waarde vir die kwartaal: VRIENDSKAP, KIES DIE REGTE VRIENDE EN VRIENDELIKHEID.

Geagte Loffie-ouers

Baie welkom aan alle nuwe en ook bestaande Loffie-ouers. Ons glo dat u hierdie inligting baie behulpsaam sal vind. Die nuusbrief bestaan uit vier afdelings. “Nuwe-nuus”, (nuwe inligting wat net vir een of twee keer op die nuusbrief sal verskyn). “Ou-nuus”, (vir nuus en inligting wat herhaal). “Gelukwensings”, (vir verjaarsdae en prestasies en laastens) “Advertensies”, vir besighede of persone wat iets wil adverteer. Vorige nuusbriewe is beskikbaar op ons webblad, D6-Communicator en was ook per e-pos aan ouers gestuur.

Mag 2024 vir u en u gesin baie vreugde voorspoed en geluk inhou. Ons bid vir elke ouer, leerder en personeellid die Here se seën toe.

Nuwe-nuus

1. BELANGRIKE DATUMS VIR 2024

(DATUMS EN TYE KAN MOONTLIK VERANDER. OUERS SAL VROEGTYDIG INGELIG WORD.)

KWARTAAL 1 2024

1 Februarie -	**Koek/roomys verkope**
2 Februarie -	**Interhuis Swemgala: Gr.1-3**
	Klub 100 dans
3 Februarie -	**Landsdiens (S): Klubkamp**
8 Februarie -	**Gr.4 en 5 Hop-aand**
	Gr.6 en 7 Valentynsokkie
9 Februarie -	**Bloedskenk (S)**
	Valentynsokkie (S)
12 Februarie -	**Nominasies vir 2024 BL verkiesing open.**
13 Februarie -	**Interne redenaars (P)**
14 Februarie -	**Valentynsdag: Sivvies en Valentynsverkope**
15 Februarie -	**Aandreeksspanne aankondig. Aandreeks begin – Primêre spanne**
16 Februarie -	**Gr.3 Beroepsdag klere**
	Aandreeks begin – Sekondêre spanne
20 Februarie -	**Interskole Swemgala (S)**
	Produksies 2000 (Gr.1-3): 11:30 en (Gr.4-7): 12:30.
20 Februarie -	**Koek/roomys verkope**
23 Februarie -	**Interskole Swemgala (P): Kloof SP**
2 Maart -	**Netbaldans**
6 Maart -	**Interskole Swemgala (P)**
8 Maart -	**Aandreeks FINALE**
16 Maart -	**Gr.1 & 8 Opedag**
18 Maart -	**Primêre Netbaltoer**
19 Maart -	**SIVVIEDAG; KASKAR: 16:30 – 19:30**
20 Maart -	**Skool sluit. (Fliekvertoning/Pretdag: Gr.1-3; Pretdag: Gr. 4-7 EN 8-12)**
	Primêre Rugbytoer
23 Maart -	**Sekondêre Rugby en Netbal Toer.**
28 Maart -	**Sekondêre Hokkie Toer.**

Gelofte se kalender vir 2024 is op D6 beskikbaar.

2. SPORT EN OEFENING KWARTAAL 1

	SPORT	KW 1	KW 2	KW 3	KW 4
GRAAD 1-3	ATLETIEK			X	
	LANDLOOP		SLEGS GR 3		
	MINI-HOKKIE (D)			X	
	MINI-HOKKIE (S)			X	
	MINI-KRIEKET	X			X
	MINI-NETBAL	X	X		X
	MINI-RUGBY		X		
	SKAAK	X	X	X	X
	SWEM	X			
	TENNIS	X	X		X

	SPORT	KW 1	KW 2	KW 3	KW 4
GRAAD 4-7	ATLETIEK			X	
	HOKKIE (D)	AANDREEKS-SPAN		X	
	HOKKIE (S)			X	
	KRIEKET	X			X
	LANDLOOP		X		
	NETBAL	X	X		X
	RUGBY	AANDREEKS-SPAN	X		
	SKAAK	X	X	X	X
	SWEM	X			
	TENNIS	X	X	X	X

	SPORT	KW 1	KW 2	KW 3	KW 4
GRAAD 8-12	ATLETIEK			X	
	GHOLF (S&D)	X		X	
	HOKKIE (D)	X	X	X	X
	HOKKIE (S)		X	X	
	KRIEKET	X			X
	LANDLOOP		X	X	
	NETBAL	X	X	FAST 5	AANDREEKS-SPAN
	RUGBY	AANDREEKS-SPAN	X	7'S	AANDREEKS-SPAN
	SKAAK	X	X	X	
	SWEM	X			X
	TENNIS	X	X	X	

3. SPORTOEFENING EN VOORBEREIDING VIR DIE AANDREEKS

Sportoefening het reeds die afgelope week vir ons leerders begin.

Dit is belangrik dat leerders by die oefeninge sal opdaag ter voorbereiding vir die komende sportseisoene, asook ons eerstespanne wat gaan deelneem by die aandreeks.

Leerders moet onthou dat hulle elkeen die regte kleredrag moet dra, die regte toerusting byderhand hê en ekstra water saambring.

4. BEHEERLIGGAAMVERKEISING 2024

Hier volg ’n kort opsomming van inligting waarvan u moet kennis dra:

- Formaat: Sal gedurende Februarie aan ouers bekend gemaak word.
- Datum vir nominasies: Vanaf 12 Februarie om 10:00 tot 5 Maart om 10:00 kan alle nominasievorms voor by die ontvangskantoor afgehaal en weer terug ingehandig word.
- Datum van verkiesing:
  Eerste datum: Woensdag 5 Maart 2024
  Tweede datum: 12 Maart 2024 (Indien die eerste datum as gevolg van die kworum nie kon plaasvind nie sal die tweede datum die finale geleentheid wees.)
- Bemarking van verkiesing: Nuusbriewe, WhatsApp-groepe, Facebookblad en D6 Communicator.

5. ONS VERWELKOM GRAAG ONS NUWE PERSONEEL WAT BY DIE SKOOL AANGESLUIT HET

Onderwyspersoneel: (Sekondêre fase)
Me. Melissa Jansen van Vuuren – Wiskunde
Me. Rozanne Bronkhorst - Afrikaans

Primêre Departementshoof:
Me. Tania Grobbelaar

Onderwysassistent

Mnr. JR Swanepoel	Primêre Fase
Me. Odette Bosch	Grondslag Fase

6. PERSONEEL WAT DIE SKOOL AAN DIE EINDE VAN JANUARIE 2024 VERLAAT

Dit is hartseer om die volgende personeel te groet wanneer hulle Gelofte aan die einde van die jaar verlaat.

Personeel	Jare diens by Gelofte
Juf. Fullard	(Reeds afgetree en het ons weer kom help met aflos.)
Juf. Murray	9 jaar
Mnr. Ferreira	6 jaar

Ons bedank hulle elkeen vir hulle bydrae en wat hulle vir elke kind beteken het. Ons wens hulle alle voorspoed toe.

7. BORGE VIR AANDREEKS

Maatskappye het die geleentheid om ’n borg of die hoofborg tydens die aandreeks te wees.

Die volgende bedrae en opsies is beskikbaar vir maatskappye wat wil borg:
- R12 000 - 2 Gazebo’s en 4 baniere
- R 6 000 - 1 Gazebo en 2 baniere

Blootstelling wat maatskappye ontvang: (7 dae - ± 8000 besoekers)
- Gazebo’s en baniere op terrein waar mense dit kan sien.
- Borg se naam op alle programme.
- Borg mag, op eie koste, pamflette by die hek uitdeel.

Kontak gerus vir mnr. Martin by skoolhoof@gelofte.co.za, vir meer inligting rakende die geleentheid. (Sluitingsdatum is 13 Februarie 2024)

8. HULP TYDENS DIE AANDREEKS

Die aandreeks is een van ons grootste fondsinsamelings van die jaar. Dit begin Donderdag, 15 Februarie en eindig met die finale op Vrydag, 8 Maart. (Sien die skoolkalender wat op die skool se webtuiste en op D6 beskikbaar is.)

Daar was gedurende die vorige weke briewe uitgestuur om ouers te vra om te kom help by die verskillende areas:
- Sekuriteit en Hekdiens
- Pannekoekverkope

Ouers se hulp en ondersteuning sal opreg waardeer word.

9. 2024 ATKV – PRIMÊRE REDENAARS

Ou-nuus

1. SAKE VIR DIE HOOF SE AANDAG

Ons wys u graag daarop dat u enige sake (positief of negatief) onder die hoof se aandag kan bring. Die hoof se direkte e-pos is skoolhoof@gelofte.co.za. Ons ondervinding is dat ouers dikwels 'n ander perspektief van 'n saak kry as hulle al die toepaslike inligting tot hul beskikking het. Vra dus gerus as u ongelukkig of onseker oor 'n saak is.

2. AFSPRAKE, AANMELDINGS EN RAPPORTERING VAN PROBLEME

By Gelofte Skool glo ons dat hoe vroeër 'n probleem aangemeld word, hoe vroeër ons 'n probleem kan oplos. Ongelukkig gaan ons vir ouers moet vra om by die volgende aanmeldingstruktuur te hou om sodoende te verseker dat u saak die regte persoon sal bereik om aandag daaraan te gee.
Die probleem wat u aangemeld en wat u wil bepreek, moet eers per e-pos aan die nodige vak-, graad of departementshoof gestuur en volledig verduidelik word. (Moet asseblief nie probleme per Whatsapp aanmeld nie.)
(SIEN ASB. DIE LOFFIEFLITS WAT 20 SEPTEMBER 2022 AAN OUERS GESTUUR IS)

Indien u ’n probleem onder die hoof se aandag wil bring, versoek ons dat u eers die nodige inligting per e-pos aan die hoof stuur. Die onderstaande proses sal gevolg word om vas te stel wie die saak verder sal hanteer.

1. Aanmeldings begin by die graadvoog of vakhoof vir probleme in die klas of in ’n graad.
2. Die departementshoof wat betrokke is by die fase is daar vir meer ernstige probleme.
3. Die adjunkhoof sal, indien nodig, ondersoek instel wanneer die departementshoof en graadvoog die saak ondersoek het.
4. Ernstige voorvalle moet aangemeld word by die hoof. Voorvalle en insidente se inligting sal eers na die onderskeie departementshoofde gestuur word sodat die hoof ’n geheelbeeld kan kry van die ondersoek wat reeds gedoen is.
5. Terugvoer na ouers sal per afspraak, telefonies, per e-pos of per brief geskied. Terugvoer sal eers kan gebeur as alle nodige partye betrokke ondervra of verslae voltooi is.
6. Alle afsprake met die hoof moet eers per e-pos vasgemaak word. Dit is baie moeilik om afsprake te neem as ouers net by die skool opdaag. Om teleurstelling te voorkom versoek ons dat ouers vroegtydig afsprake sal maak. (skoolhoof@gelofte.co.za)

Graadvoogde kan by die volgende e-pos adres gekontak word.

Gr.1: Juf. Du Plessis	sduplessis@gelofte.co.za
Gr.2: Juf. Els	cels@gelofte.co.za
Gr.3: Juf. Van Staden	mvanstaden@gelofte.co.za
Gr.4: Juf. De Vrye	mdevrye@gelofte.co.za
Gr.5: Juf. Venter	cventer@gelofte.co.za
Gr.6: Juf. Theron	ctheron@gelofte.co.za
Gr.7: Juf. Henn	shenn@gelofte.co.za
Gr.8: Juf. Cronje	lcronje@gelofte.co.za
Gr.9: Juf. Harris	charris@gelofte.co.za
Gr.10: Juf. Roestorf	aroestorf@gelofte.co.za
Gr.11: Juf. Steenekamp	lsteenekamp@gelofte.co.za (Asook personeelverteenwoordiger.)
Gr.12: Juf. Maritz	mmaritz@gelofte.co.za

DEPARTEMENTSHOOFDE EN BESTUUR:

Gr.1-3:	Juf. Havemann	gsjp@gelofte.co.za
Gr.4-7 :	Juf. Grobbelaar	tgrobbelaar@gelofte.co.za
	Juf. Venter	cventer@gelofte.co.za
Gr.8-12:	Mnr. Janse van Rensburg	gsadjunk2@gelofte.co.za
	Juf. Hefer	chefer@gelofte.co.za
	Juf. Maritz	mmaritz@gelofte.co.za (Asook SAOU verteenwoordiger)
	Juf. Harris	charris@gelofte.co.za

3. OUERINLIGTING EN KONTAK BESONDERHEDE

Dit is die verantwoordelikheid van elke ouer om die skool op hoogte te hou van enige inligting wat verander. Inligting soos adres, kontaknommers en e-pos-adresse is baie belangrik en word deur die skool gebruik om ouers te kontak en inligting deur te stuur. Stuur asb. ’n e-pos aan gsadmin1@gelofte.co.za of gsadmin2@gelofte.co.za met al die nodige inligting wat verander het. Alle finansiële vrae of inligting kan na gsfinance2@gelofte.co.za gestuur word.

4. E-POS

Ons het reeds ‘n baie groot aantal ouers wat die Loffienuus elektronies ontvang. Hierdie is uiteraard ‘n baie meer betroubare manier om seker te maak dat u die nuusbrief ontvang, aangesien die kinders soms vergeet van die nuusbrief wat in hul tasse lê. Indien u nog nie ‘n elektroniese weergawe van die Loffienuus ontvang nie, is u welkom om ‘n e-pos te stuur na skoolhoof@gelofte.co.za. Ons sal u dan op ons adreslys plaas. Die Loffienuus is ook op die webblad (www.gelofte.co.za), die grade se Whatsapp-groepe en op D6 Communicator beskikbaar.

5. OORPLASING VAN LEERDERS OF LEERDERS WAT DIE SKOOL VERLAAT

Departementele riglyne vereis dat daar **skriftelik kennis gegee** moet word indien leerders hul huidige skool verlaat. Ons versoek dus dat u, indien u weet dat u gaan verhuis of u kind elders gaan skoolgaan, die kantoor skriftelik daarvan in kennis sal stel. Die administratiewe personeel kan ongelukkig nie ‘n oorplasingskaart uitreik indien hul nie kennis daarvan dra dat u kind die skool gaan verlaat nie. Die oorplasingskaart kan ook nie gegee word indien enige skooleiendom (handboeke/mediaboeke) nie ingehandig is nie.

Kontak vir me. Edith van Dyk (ontvangskantoor) by 031 702 7201 of by gsadmin1@gelofte.co.za indien daar enige navrae is.

6. ADVERTENSIEBORDE

ADVERTENSIEBORDE
OP DIE SKOOLTERREIN!!!
Kontak advertise@gelofte.co.za of
skoolhoof@gelofte.co.za vir meer inligting.

7. BEHEERLIGGAAM

NAAM EN VAN	E-POS	PORTFOLIO
Renier van der Merwe	renier@ecowiseplumbing.co.za	**Voorsitter**
Johan van Deventer	johanvd@labournet.com	**Ondervoorsitter**
		Dissiplinêre Voorsitter
Frikkie Nel	frikkie.nel21@gmail.com	**Finansiële Voorsitter**
Marianet Breytenbach	marianet.breytenbach@aon.co.za	Bemarking en Buitemuurs
Theresa van Tonder	tvantonder@beekman.co.za	Bemarking en Projekte
Willem Booysen	whbooysen@gmail.com	Tegnologie
Bruce Scheffermann	bschefermann@gmail.com	Buitemuurs en Dissiplinêr
Nico Erasmus	nico@abacus-automation.co.za	Dissiplinêr en Tegnologie
Ferdi Oosthuizen	cf.oosthuysen@gmail.com	Terrein en Veiligheid
Misha Martin	skoolhoof@gelofte.co.za	Skoolhoof
Charmain Hefer	chefer@gelofte.co.za	Opvoeder
Hendrik Janse van Rensburg	gsadjunk2@gelofte.co.za	Opvoeder
Julian Ferreira	jferreira@gelofte.co.za	Opvoeder
Daleen Coetzee	gsfinance2@gelofte.co.za	Nie-opvoeder personeel
		BL-Sekretaresse

8. SKOOLGELD 2024:

GRAAD 1 - 12: Skoolgeld beloop R33 400 per leerder vir die jaar 2024.

Eerste paaiement	-	Januarie : (voor/op 31/01/2024)	R2 400-00/leerder
Vir die res van die jaar	-	10 paaiemente : Februarie - November	R3 100-00 /leerder

(Altesaam is daar 11 betalings wat gemaak moet word)

AGTERSTALLIGE SKOOLGELDE:
Ouers moet asseblief so gou moontlik reëlings met die skool tref indien u agter raak met skoolgeld. Ouers wat agter raak met skoolgeld sal per telefoonoproep of per e-pos in kennis gestel word. Ons versoek dat ouers gereeld na hulle state sal kyk om die agterstallige saldo dop te hou. Indien ouers na 'n redelike tyd nog nie skoolgeld ingehaal het nie, sal ouers 'n finale aanmaning ontvang voordat hulle aan Prosperitas oorhandig sal word. Alle skoolgeld vir 2024 moet teen 30 November 2024 afgehandel en betaal wees.

9. KONTANTVRYE SONE

Ons beklemtoon graag weer die volgende: Ons streef daarna om die skool 'n kontantvrye sone te maak en sodoende die versoeking by kriminele elemente te verwyder om die skool as 'n sagte teiken te beskou. Dit sal dus waardeer word indien u van elektroniese betaalmetodes gebruik sal maak. E-pos asseblief 'n bewys van betaling aan gsfinance2@gelofte.co.za

Die skool se bankbesonderhede is soos volg:

(GEE ASSEBLIEF U KIND SE STUDENTENOMMER / NAAM EN VAN AS VERWYSING EN OOK WAARVOOR DIE BETALING IS.)

Neem asseblief kennis: Gelofte Skool beskik nou oor kaart fasiliteite. *Ons moedig ouers nog steeds aan om eerder gebruik te maak van elektroniese betalings (EFT). EFT-betalings kan makliker en vinniger vanaf u huis gedoen word.*

Mnr. M.S. Martin

SKOOLHOOF

Gelukwensings

1. PRESTASIES EN GELUKWENSINGS

Volg ons gerus op Facebook by "Gelofte Skool Amptelike Blad" en op Instagram by "gelofteskoolamptelik". Deur foto's en prestasies op Facebook en Instagram te plaas, bereik ons baie meer ouers as deur die plaaslike koerant.

2. VERJAARDAE - PERSONEEL

Baie geluk aan die Loffie-personeel wat in Januarie en Februarie verjaar.
Ons vertrou dat hulle 'n wonderlike dag sal hê en ons bid hulle baie seën toe vir die nuwe lewensjaar.

7 Jan	Julian Ferreira
8 Jan	Reggie Zulu
24 Jan	Riette Havemann
2 Feb	Hanrie Nagel
10 Feb	Charmain Hefer
27 Feb	Maryna De Vrye

3. VERJAARDAE - LEERDERS

Veels geluk aan die Loffies wat in Januarie en Februarie verjaar.
Ons vertrou dat julle heerlik bederf sal word en bid julle baie seën toe vir die nuwe lewensjaar.

ADVERTENSIES

1. ADVERTENSIES IN LOFFIENUUS

Indien u advertensies in die Loffienuus wil plaas, kan u me. Trudie Jansen van Vuuren kontak by gsadmin2@gelofte.co.za of by 031 702 7201. Koste beloop R100 per plasing.

2. HAY-HOE BP-MOTORHAWE (6 Underwood Road, Hatton Estate)

Hay-Hoe BP-motorhawe doen jaarliks moeite om die skool op verskeie maniere te ondersteun. Ons versoek dat u hulle gerus ondersteun wanneer u brandstof ingooi.

'n Ondersteunerskaartjie is by die skool beskikbaar, en dit dien dan as u eie persoonlike nommer wat wys dat u by Gelofte Skool betrokke is en die skool ondersteun. Wanneer u brandstof ingooi, voltooi u dan net die boek by die motorhawe. Gelofte Skool het sy eie boek waarvoor u net moet vra. 'n Gedeelte van die bedrag word dan aan die skool geskenk.

Daar word maandeliks trekking gehou waarin u die kans staan om 'n gelukspakkie (R200 se waarde) of 'n BP-winkel koopbewys (een van twee R100 bewyse) te wen.

HAY-HOE BP-Motorhawe bied die volgende:

- Ontvang 'n KARWASKAARTJIE! (Sekere voorwaardes sal geld. Meer inligting beskikbaar by die vulstasie.)
- Motor herstelwerk (Winskope op alle motor herstelwerk!)
- Verkoop nuwe bande, doen balansering, wielsporing en herstel lekplekke.
- Diesel is beskikbaar teen afslag.
- **Ontvang 'n GRATIS KARWAS wanneer u karwaskaartjie vol is.**
- **Gooi R300 of meer brandstof in en kry 'n gratis roomys of 2 stempels op u gratis karwas kaartjie.**
- **Pick n Pay Smart Shopper kaarte kan gebruik word.**

3.



4.

Wise Eye
READING ACADEMY
WISE EYE SAL BESKIKBAAR WEES OM LEES EVALUASIES TE DOEN VIR DIE MAAND VAN FEBRUARIE (SLEGS PER AFSPRAAK)
R200 PER LEERLING
HET U KIND LEERPROBLEME AS GEVOLG VAN SWAK LEESVAARDIGHEDE?
By Wise Eye fokus ons op:
Leesspoed en vlotheid
Begrip, Woordeskat en Spelling
Grammatika
Visuele– en korttermyn geheue
Woordherkenning en korrekte uitspraak van woorde
Vinnige en akkurate dekodeervermonës van onbekende woorde
Skandering oefeninge om die oogspiere te versterk
Tegnieke om die oogspan te verbreed
As u graag wil he dat u kind se lees geevalueer moet word, stuur asseblief vir ons 'n email na kayla@wiseeye.co.za of kontak vir Kayla Grobler op 060 630 9880